

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

VYANDSVLEI MOORDENAARS SIT LEWENSLANK

Sowat 'n jaar en half gelede is Mohammed Foroze koelbloedig in sy winkel by Vyandsvlei doodgeskiet. Die moordenaars, Thandolwenkosi Mayo (35), William Rakgoale (41) en Michael Bheku (61) is elkeen op die eerste aanklag van moord lewenslange tronkstraf opgelê. Foroze, eienaar van die winkel, het tydens die roof een van die aanvallers doodgeskiet. Sy moordenaars is nie net skuldig bevind op moord nie, maar ook van ontvoering en sakeroof. Die motor en 'n vuurwapen wat met die rooftog verbind word is ook positief geïdentifiseer met die eienaar wat die motor besit.

>>> BLADSY 4

Petrus Steyn moordenaar vas

'n 36-Jarige man is in hegtenis geneem ses jaar na die moord op Jan de Kock, 'n boer van Petrus Steyn.

>>> BLADSY 7

Not on our Watch

These ladies buy and donate sanitary products to young women from disadvantaged and struggling families.



Laasweek Vrydag het die Matrieks van Hoërskool Heilbron op die tradisionele manier totsiens gesê vir hulle mede-klasmaats, vriende en onderwysers. Elke onderwyser is tot na die verhoog geroep en met 'n gholfkarretjie begelei na voor, elk het 'n geskenkie ontvang en is aan iets spesiaals herinner gedurende die klas se skoolloopbaan. Weens COVID-19 was slegs die Hoërskool se leeders teenwoordig by die geleentheid, maar beide laer- en hoërskoolonderwysers was gegroet. Daarna was die matrieks se hemde geteken en elkeen voorspoed toegewens vir dit wat voorlê. Sterkte met die eksamen aan al die matrikulante van 2020 en vir alles wat julle in die toekoms aanpak. Die matriekeindeksamen skop af op die 5de November.



TOTSIENS BRONNIES

BERNICE WEST
by die Steerstoof

7 NOVEMBER 2020
12:00
R100 PP
VOORSKOOL
GRATIS

STIAAN REYNIERSE

BY OORNEEMING IN HEILBRON

076 129 7780

Pharmacy & Clinic

OPEN SAT 31 OKT

the local choice Pharmacy & Clinic

17 Welbarmersstraat, Welbarmersdorp, Heilbron PLATTELAND

KLINIEKTYE: DINSDAE & DONDERDAE: 08:00 - 17:00
☎ 087 527 0723 | 📠 071 5433144 | 📧 platteland@thelocalchoice.co.za

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Postbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

THE LOCAL CHOICE PLATTELAND - APTEEK VIR DIE PLATTELAND WAT JOU ALLES BIED.

Baie mense verkies om hul plaaslike apteek te besoek voordat hulle na die dokter gaan. Apteke bied gratis advies aan en dien as die eerste kontakpunt vir professionele mediese gesondheidsorg. Van medisyne tot ondersoek, die vennootskap met die regte apteek beteken dat u baie voordele ontvang.

Ons is hier vir u, ongeag u gesondheidsorg behoeftes. Ons is geregistreer as 'n voorkeur mediese verskaffer vir die meeste mediese fondse, en ons gee medisyne uit teen die tariewe wat deur hierdie skemas voorgeskryf word. Omdat ons gepersonaliseerde gesondheidsorg prioriteer, is elke kliniek onder ons naam verbind tot die aanbieding van 'n wye verskeidenheid fantastiese dienste om elke pasiënt wat deur ons deure loop, gesond te hou.

Vroeër het mense 'n ander soort ervaring gehad as hulle hul apteek besoek het. Mense het hul gunsteling apteeker se naam geken en het met 'n glimlag uitgesien na vriendelike diens. Ons by The Local Choice Platteland wil hierdie soort professionaliteit weer aan ons omliggende gemeenskappe bied, en ons doen veral moeite om die ekstra myl te loop as dit kom by die gesondheid van ons pasiënte. Oop kommunikasie, gekoesterde gemeenskapsverhoudinge, toeganklike en koste-effektiewe gesondheidsorg vorm die grondslag van ons handelsmerk. Dit beteken dat ons klante en pasiënte nooit ver hoef te soek wanneer hulle hul gesondheid probeer verbeter nie. Kliniekdienste waarop u kan vertrou. Almal wil so gesond as moontlik wees, maar dit verg 'n bietjie werk. Gereelde ondersoekke en monitering van faktore soos bloeddruk, bloedsuiker en glukose en cholesterol is noodsaaklik. Dit is ook belangrik om die regte advies te ontvang wat leefstylgewoontes en die bestuur van toestande betref. Ons klinieke maak sulke dienste toeganklik en koste-vriendelik, daarom hoef u nie bekommerd te wees oor duur doktersafsprake nie.

Ons dienste sluit slegs enkele van die volgende in: Versorging vir wonde, griepinspuitinge, inenting, advies oor dieet en gewigsverlies, verskeie ondersoekke, MIV-toetsing en -berading, mediese fonds gesondheidsassesserings, advies oor aanvullings, medisyne en bestuur van chroniese siektes.

Elke kliniek is ook ontwerp om advies, keuring en bestuur aan te bied wat reprodktiewe gesondheid en gesinsbeplanning betref. Vir diegene met babas en jong kinders beteken 'n besoek aan ons babakliniek toegang tot alles, van advies oor babavoeding, welstand en groei, tot inenting en toediening van entstowwe. 'n Uitstekende reeks produkte van hoë gehalte.

Ons apteekhandelsmerk is ook 'n amptelike vennoot van Dis-Chem, wat beteken dat ons produkte en dienste sedertdien aansienlik uitgebrei het. Ons kan dus meer as medisyne aan kliënte voorsien, want ons het 'n reeks aanvullende produkte in skoonheid, selfversorging, sport en verskillende lewensstylbenodigdhede. Met takke regoor die land kan Suid-Afrikaners regoor die land kontak maak met ons gevestigde, betroubare handelsmerk. Daar bestaan geen twyfel nie. Ons by The Local Choice het 'n sterk handelsnaam vir ons toewyding aan elke kliënt en pasiënt. Ons nooi u uit om hierdie verskeidenheid dienste van wêreldgehalte self te ervaar en teen bekostigbare pryse te geniet.



JY KRY NIE NET ONMIDDELIKE BELONINGS VIR 'N LOJALE KLANT NIE, MAAR OOK ...

- VERDIEN DRIEVOLDIGE BELONINGS OP PHARMACIST'S CHOICE PRODUCTS
- BLY OP HOOGTE VAN BESKIKBARE CHOICE CARD-AANBIEDINGE EN -VOORDELE.

Virtual Care bied u die gemak om 'n dokter aanlyn te besoek by ons apteek.



KLINIEKTYE: DINSDAE & DONDERDAE: 08:00 - 17:00

☎ 087 527 0723 | ☎ 071 5433144 | ✉ platteland@thelocalchoice.co.za



Pharmacy & Clinic

57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

PLATTELAND



<p>SPAR Langewy Melk Volroom 2% Lae-Vet of Algeheel 6 x 1 liter</p> <p>69⁹⁹ per pak</p>	<p>Flora Butter of Light (Gold uitgesel) Vetsmeer 1 kg</p> <p>44⁹⁹ elk</p>	<p>Brokies Oros Kwasi (L. Be uitgesel) 2 liter</p> <p>R31⁹⁹</p> <p>Kry 'n ekstra R2 af</p> <p>Rwantsi-Maung (pretel) R29⁹⁹</p>
<p>SPAR Toiletpaper (2-lyng) 18</p> <p>79⁹⁹</p>	<p>Sunlight 2 in 1 Spring Sensations, Lavender of Tropical Handwasker 3 kg</p> <p>54⁹⁹ elk</p>	

*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk/multi-kopie/kombo wat hier vertoon word.

Bestelplek: by alle SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 27 Oktober tot en met 1 November 2020, terwyl voorraad hou.

Ons fokus is om jou te help om te verstaan en te bespaar. Hierdie aanbod is 'n voordeel van SPAR Rewards. Kwaliteitswinkels is 'n voordeel van ons. Dit is 'n voordeel van ons.

© 2020 SPAR. Alreeds 'n voordeel van ons. SPAR Rewards is 'n voordeel van ons. SPAR Rewards is 'n voordeel van ons.



UIT DIE PEN

Ons is nog steeds onder vlak 1. Volgens die patatrank gaan Suid-Afrika weer na 'n ander vlak geskuif word. Weet nie of dit waar is nie. Ek sal maar net wag vir die aankondiging. Wat ek nie dink binnekort gaan wees nie, want ons is besig met 'n matriekksamen wat nie noodwendig uitgestel kan word nie. Dalk bedink iemand daar doer bo in een van die ivoortoringkantore een of ander blink plan. Wag maar en sien. Ek wil vandag 'n ope brief skryf. Ek lees altyd van hierdie of daardie hooggeplaaste wat vir iemand 'n ope brief in 'n koerant skryf. Meestal verstaan ek daarvan net mooi niks, maar ek lees veral die polemieks daarvoor. Hier is my ope brief. Aan elkeen wat dit wil lees. En as hier polemieks gaan volg, sal ek dit met ope arms verwelkom. Liewe Boer Ek weet nie of jy ook op 'n daaglikse basis nuus kyk en lees nie? Ek het onlangs gesien hoe hektaar na hektaar deur vlamme verswelg is. Ek kan nie vir myself dink hoe so 'n vuur

sommer net so kan ontstaan nie. Dalk word alles nie opsetlik gestig nie, maar so 'n vuur word gemaak. Met of sonder opset.

Ek het Vrydag 'n Whatsapp gekry vanaf AfriForum: pak 'n boks met allerlei benodighede vir die brandgeteisterde plase, hulle wil dit by brandgeteisterde plase gaan aflaai.

Wat pak mens in so 'n boks? Ons begin met die daaglikse benodighede: seep, anti-perspirant, handroom. Of nee, dalk is dit té persoonlik. Kom ons sit 'n lekkerte by: elkeen waardeer kondensmelk.

Ons sê vir mekaar dat elkeen wat so 'n boks kry, iets kry wat hulle dalk nie gehad het nie, of nie hoef te gaan aankoop nie. Ons sit nog toiletbenodighede by. Daar is 'n biettjie skuimbadd, lyfroom, 'n lyfskrop, stortseep in dieselfde geur vir jou vrou.

Daar is twee pakkies koekies vir vanaand se koffie en twee sakke "swieties" vir die kinders.

Nog 'n paar blikkies kos (hou julle van tuna?) by en biettjie mayonnaise om dit mee aan te klam. My goeie man is gek na heuning, en hy staan met liefde 'n groot bottel van sy heuning af.

Ek kry 'n mooi serp wat ek eendag as geskenk ontvang het, en sit dit vir jou vrou in die boks. Ek sien die Dagstukkiesboekie waaruit niemand nog gelees het nie, en pak dit bo-op in die boks.

Net voordat ek dit toedraai, skryf ek toe vir julle 'n briefie. Eintlik moes ek dit al vanoggend getik en gedruk het, maar die handgeskrewe briefie, dink ek, sal baie beteken.

Boer, ek is self 'n boer se kind. My pa het geleef uit die aarde. Sy mielies was sy trots. Sy rooi beeste was spekvat en wanneer die skaapskeerders opdaag, was die wag wol so dik soos 'n gansdonsduvet. Jy kan my niks vertel van 'n rooi Noord-Vrystaatse stofstorm nie.

WEEK EEN-EN DERTIG

Wanneer die stof aankom, het elkeen gehou vir 'n venster, want daai rooi grond klim in alles in. Die mooiste was wanneer die son saans, na afloop van die storm, bloedrooi ondergaan. Op ons plaas het die son se laaste strale deur die watertenk se stelliasie geskyn. Ek sal daardie prentjie nooit vergeet nie.

Ek onthou die reuk van 'n splinternuut omgeploegde land. Wanneer die rooigrond sulke golwe maak uit die ploegskaar. Ek ruik die reën wat gewoonlik van die noord-weste af gekom het. Donkergrys bolwangwolke wat swaar dragtig was aan kosbare water.

Ek onthou hoe my pa op die voorstoep staan, tipies met sy hand in sy sy en met genoegdoening na die landerye kyk.

Ek onthou ook die tye toe die reën ver weggebly het. Die dor landerye. My ma se tuingrond wat gebars het. Die geel dood gras wat onder jou voete knars.

Wat ek nie uit daardie tyd kon onthou nie, is aanvalle op plaasboere. Ons was omsingel met ander landbouers, ten minste een in elke windrigting, nie verder as 4 kilometer van mekaar nie. Ek kan nie onthou dat een van hulle ooit wreedaardig aangeval is nie. Ek kan ook nie onthou dat my pa of enige ander boer (of sy vrou of gesin) die werkers sleg behandel het nie.

Niemand is ooit met die vuus geslaan of gelos om buite te slaap nie. Ons het in die nag hospitaal toe gejaag wanneer iemand seer gekry het of in kraam was.

Ons was daar vir mekaar. Ek kan nie dink dat iemand ooit sou kwaad praat van boere nie. Want sonder boere het niemand kos op

die tafel gehad nie. Niemand het boere daarvan beskuldig dat hulle iemand anders nie in ag neem nie.

Ewe skielik het alles verander. Boere word uitgemoor op die wreedaardigste manier moontlik. Baie keer word die aanvallers nie eers gevang nie. Politici spring op die wa en vertel dat dit boere se eie skuld is wanneer hulle aangeval word. Dit, terwyl die jonger vroue in ons land optogte het wat lui: As ek uitlokkende reën wat gewoonlik van die noord-weste af gekom het. Donkergrys bolwangwolke wat swaar dragtig was aan kosbare water.

Nie almal gaan dit erken nie: Boere is ons land se ruggraat. Hulle is diegene wat sorg dat ons kos op ons tafels sit. Hulle is diegene wat gaan verseker dat Suid-Afrika die broodmandjie sal bly. Mits hulle toegelaat word.

Boer, baie dankie vir wat julle vir ons doen. Dankie vir elke liewe plant wat julle met liefde plant, versorg en oes. Dankie dat julle na julle vee omsien sodat almal nie vegetariërs hoef te wees nie. Dankie, Boer, vir jou toewyding aan jou werk. Dankie dat jy sorg vir almal rondom jou, al dink van ons mede Suid-Afrikaners nie so nie. Dankie dat jy snags gaan kyk of jou bure veilig is, dat jy sommerso van jou oes by die ouetehuis of hospitaal of koshuis gaan aflaai.

Jy is vir my kosbaar. Ek hoop jy geniet jou boks. Ek weet nie of al die lekkernye wat jy graag wou hê, daarin is nie. Maar dit kom uit ons harte uit. Ons waardeer jou. Jakarandagroete.

PETRUS STEYN MOORDENAAR VAS

'n 36-jarige man is in hegtenis geneem ses jaar na die moord op 'n boer van die plaas Groot Waag by Petrus Steyn, Jan de Kock (69). Die verdagte is verlede week in 'n informele nedersetting in Sharpeville vasgetrek. Daar was 'n lasbrief vir sy inhegtenisneming vir 'n onverwante misdaad in Mei verlede jaar uitgereik. Die verdagte was reeds in 2017 in hegtenis geneem vir die besit van 'n vuurwapen wat aan De Kock behoort het, maar die klag was in die landdroshof in Vereeniging teruggetrek vir verdere ondersoek. Plaasaanvallers het De Kock glo oorval terwyl hy in die veld na sy vee gaan omsien het. Die groep

verdagtes het omstreeks agtuur die oggend van 13 Julie 2014 die huis binnegekom en die huis beroof. Die boer is vermoor nadat hulle sy vrou in die badkamer vasgebind het. Hy is in die skuur aangetref en is waarskynlik doodgemartel. Sy liggaam was in 'n hurkende posisie en sy bene aan sy lyf met binddraad vasgebind. Sy vrou, Marietjie, is nie beseer tydens die aanval nie. De Kock se Ford Ranger-dubbelkajuitbakkie, met die sleutels daarin, was verlate deur die polisie in Vereeniging gekry. 'n Groep verdagtes het omstreeks agtuur die oggend van 13 Julie 2014 die huis binnegekom en die huis beroof.

DIE RUS INGEAAN

† In liefdevolle herinnering aan Albertus Jacobus Lombard, oorlede op 20 Oktober 2020 in die ouderdom van 77. Die diens het 26 Oktober 2020 plaasgevind op Vegkop en is waargeneem deur Ds. Chris Lombard. Hy laat na sy familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan Anna Elizabeth du Plessis, oorlede op 22 Oktober 2020 in die ouderdom van 93. Die diens het plaasgevind vanuit die NG Kerk in Petrus Steyn op 26 Oktober 2020 en is waargeneem deur Ds. Heyns. Sy laat na haar familie en vriende.

† In liefdevolle herinnering aan Vincent Aubrey Phakamele Motetsi, oorlede op 25 Oktober 2020 in die ouderdom van 55. Die diens sal plaasvind 31 Oktober en hy word in die Petrus Steyn Begraafplaas begrawe. Hy laat na sy familie en vriende.

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS DIENSTE SMALLS

Form J187

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

Language: English
Province: Free State

Estate Number: 9933/2018

Surname: Fourie

First Names: Aletha

ID Number: 340824 0020 083

Last Address: Huis Siwerjare, 1 De Wet Street, PETRUS STEYN, 9640

Description of Account: First and Final

Period of Inspection: 21 Days

Magistrate's Office: Petrus Steyn

Master's Office: Bloemfontein

Advertiser Name: Wessels & Smith

Advertiser Address: 1A Yorkweg, Waverley, Bloemfontein

P.O. Box 2104, BLOEMFONTEIN, 9300

Advertiser E-mail: bloemwess@internext.co.za

Date Submitted: 2020-10-13

Tel: 051 436 1209

Publication in the Government Gazette on: 2020-10-30

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal.

1.2m bale (tou/net).

Velde of wen-akkers.

Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.

Kontak

Jaco Meiring 082 851 6158 of

Piet Meiring 082 571 4191

peerlandhandel@gmail.com

R

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak

Evert Kleynhans 072 018 3685

Heilbron

R

Andries Muller 072 447 7446

Vrystraat 23, Heilbron

Ou Heilbron Betonwerke se gebou



MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald 082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemerking. Uit die hand-transaksies of wiling navraet!



KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van wyle:

JOHAN CHRISTO WEIDEMAN

Identiteitsnommer: 450109 5075 084

Van Huis Bron-van-Heil, Heilbron, 9650

wie oorlede is op 19 Junie 2020

in lewe 'n pensioenaris.

Boedelnommer: 003849/2020

Alle persone wat vordering teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vordering binne 30 (Dertig) dae dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.

PHILIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.

ELSSTRAAT 47

POSBUS 58, HEILBRON, 9650

VERW: PPvdM/me

TEL: 058 852 2041

E-POS: merlaw@phillaw.co.za

KENNISGEWING

Kennisgewing in die BOEDEL VAN WYLE HERMANUS ELLIS,

Identiteitsnommer: 370130 5018 087

in lewe 'n pensioenaris woonagtig te Conventionstraat 19, Reitz, 9810,

getrou binne gemeenskap van goedere met CATHARINA SUSANNA ELLIS,

Identiteitsnommer: 561006 0094 084.

Datum van afsterwe: 5 Julie 2020

Boedelnommer: 006608/2020

Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres.

MNRE BLIGNAUT & WESSELS

SAREL CILLIERSSTRAAT 29

POSBUS 6

REITZ, 9810

OULANDSGRASBALE

Swaar bemeste

oulandsgrasbale te koop.

Skakel Hennie Naudé 083 269 9293

K0762

Neem asb. kennis dat die

HEILBRON HERALD

se winkel & fabriek sluit vanaf

18 Desember 2020 en

heropen DV 6 Januarie 2021.

Plaas asb. u bestellings vroegetydig om teleurstelling te voorkom.

Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30 • Saterdag: 09:00 - 13:00

Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of

DEED OF TRANSFER TE6493/2003

passed by NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY in favour of

ANNA MAFATLE, ID: 170204

0084 089 in respect of certain ERF

729 PHIRITONA, DISTRICT

HEILBRON, PROVINCE FREE

STATE which has been lost or

destroyed.

All interested person having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.

Dated at Heilbron this 30th day of October 2020.

(GET) AA SCHUTTE

CORNELIUS & PARTNERS INC

40 CHURCH STREET

PO BOX 205, HEILBRON, 9650

TEL: 058 852 2035

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:

08:00 - 16:30

Elsstraat 42

HEILBRON

Tel:

058 853 0006

HOU HEILBRON SKOON


K0733

Graag wil ons vir Koois & Lizandi Engelbrecht, Jan & OJ's Personeel, Isabelle Hausleitner en Ds Braam baie dankie sê, asook aan elkeen wat ons dag spesiaal gemaak gemaak.

Baie dankie

André en Maria Coetzee

K0733



PRE-PRIMERE SKOOL

BESKIK TANS OOR 'N DOS

Kandidate wat wil aansoek doen moet aan die volgende vereistes voldoen: Passie hê vir kinders, kreatief kan wees, goeie menseverhoudinge hê en onder druk kan funksioneer.

AANSOEK SLUIT 17 NOV 2020

Stuur CV na

alef.swart16@gmail.com

GiG

Technologies (Pty) Ltd

- Alarm Systems
- Computer Products
- Computer Repairs

Wireless Internet

www.jenny.co.za

087 170 0000

Contact us for all your technical needs!

Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993

Web: info@jennytechnologies.co.za

GEMEENSKAPSNUUS

STRENGER STAAT VAN INPERKING

Pres. Cyril Ramaphosa sal na verwagting volgende week die land toespreek oor die jongste COVID-19 verwickelinge. Hy is egter self in kwarantyn, nadat hy 'n ete bygewoon het saam met 'n persoon wat positief vir die Covid-19-virus siekte getoets is. Mense moet egter nie hul

die afleidings maak oor 'n moontlike strengere inperking nie. Die jongste Covid-19 nuus vir die Vrystaat dui op 1493 sterftes in die provinsie en 1270 gevalle wat in Ngwatho aangemeld is. Sedert 20 Oktober 2020 is daar 24 nuwe gevalle vir Ngwatho aangemeld.

HEILBRON KLINIEK OPEDAG

Kontroleer bloeddruk en bloedglukose vir volwasse pasiënte. Ouers met kinders onder 5 jaar moet asb. die kinders se immuniseringskaarte saambring vir kontroliering en opdatering. Enige persoon vir 'n

besonderzoek is ook welkom. Heilbron se gesondheidskomitee gaan elkeen bederf. Moenie hierdie geleentheid misloop nie. U gesondheid is belangrik. Besoek Heilbron Kliniek 10 November 2020.

IN DIE HUWELIK BEVESTIG



André en Maria Coetzee is Saterdag 24 Oktober in die huwelik bevestig. Die egpaar vestig hulle in Heilbron.

Angus
TEELBULLE
Te Koop

JONG GESERTIFISEERDE SKOON VELDBULLE
Reg om te werk!
R25 000 UITSLUITEND BTW
Tom Watson: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za

DIENSLEWERING OPGEKNAP

Heilbronnors behoort binnekort te kan reken op beter dienslewering aan die publiek deur die munisipaliteit se finansiële afdeling. Intensiewer opleiding van personeel om meer kundige en verbruikersvriendelike diens aan die publiek te lewer vorm deel van die Ngwatho Raad se omkeerstrategie waarop op 16 Oktober 2020 besluit is en waarvoor Herald verlede week berig het. Volgens VF Plus raadslid Phillip van der Merwe is nuwe meer verbruikersvriendelike vorms ook ontwerp vir gebruik waar 'n verbruiker verskil van bedrae wat op sy rekening mag voorkom en is die proses wat moet volg op ontvangs van so 'n dispuut ook duideliker uitgespel en aan tydperke gekoppel. Voorsiening word ook spesifiek gemaak vir 'n appèlproses indien so 'n verbruiker steeds nie tevrede is met die antwoord op sy dispuut nie en hoe die appèlproses self sal verloop. "Hierdie is 'n aspek waarmee in die verlede geweldige frustrasies ervaar was en ek vertrou dat die prosesse voortaan makliker en meer doelgerig sal verloop" sê raadslid Van der Merwe.

Strenger maatreëls kom ook om inwoners wat kwalifiseer vir gratis minimum basiese water en krag te verhoed om meer as die goedgekeurde volumes te gebruik indien daar nie vir die ekstra verbruik betaal word nie. Daar word tans ondersoek ingestel na die moontlikheid en haalbaarheid van 'n voorafbetaalde waterstelsel omdat te veel inwoners eenvoudig nie betaal vir die water wat hulle verbruik nie en die huidige watermeters nie oor fasiliteite beskik om vloei vir wanbetaling te beperk nie. Alhoewel die strategie om by kragaanlope 'n deel van die koopsom aan te wend ter betaling van ander dienste, soos verlede week oor berig is, 'n mate van 'n oplossing bied is dit nie naastenby genoegsaam om te verseker dat die munisipaliteit voldoende betaling ontvang vir die water wat sulke inwoners verbruik nie. Nog 'n aspek wat aangespreek gaan word, is leë en/of verlate erwe. Daar is tans heelwat erwe in al Ngwatho se dorpe wat onbenut is en waarvan, in baie gevalle, dit onbekend is waar die eienaar homself bevind. Waar die persoon se rekening vir drie jaar of langer onbetaald is, sal die eiendom teruggeneem word en aan 'n nuwe koper beskikbaar gestel word sodat heffings ten aansien van die eiendom verhoed kan word.

Nog 'n aspek wat tot hede gereeld tot groot verliese vir die munisipaliteit gelei het en nou aangespreek staan te word, is onvoldoende verbruikersdeposits. Volgens Raadslid Van der Merwe gebeur dit gereeld dat huurders van eiendomme (beide huise en sakepersele), gesien uit die munisipale perspektief, oornag verdwyn sonder om hul verskuldigde verbruikersrekening te betaal. Meermale is sulke verbruikers se rekeninge dan ook agterstallig op die tydstop wanneer hulle trek, stel hulle nie die munisipaliteit van hul nuwe adres in kennis nie en abandonneer hulle bloot die deposito wat die munisipaliteit dan hou wetende dat hul verpligting dit in elk geval ver oorskry. Groter deposito's by nuwe aansluitings sal voortaan aan die orde van die dag wees en 'n veldtog gaan ook geloods word om bestaande verbruikers se deposito's na te gaan en verhoging daarvan te vereis waar dit ontoereikend blyk te wees.

Gesien teen die agtergrond dat betaling vir sommige dienste so laag as 40% van die verskuldigde bedrag vir die gelewerde diens beloop is dit verstaanbaar dat die munisipaliteit nie in staat is om die infrastruktuur waardeur die dienste gelewer moet word behoorlik in stand te hou nie. "Wanneer die swak betalingskoers boonop gekoppel word aan ontoereikende administrasie en bestuur van die fondse wat wel ge-in word, word dit nog meer duidelik waarom die munisipaliteit tans nie die diensleweringmas opkom nie en waarom nuwe ingrypings nodig is" sê raadslid Van der Merwe verder. Herald sal later oor nog nuwe maatreëls berig.



HOUTSKOOL: WENKE UIT HOEDSPRUIT

Heilbron se Huis- en Tuinbouklub hou jaarliks vergadering op Leeupoort van Wilna Weilbach. Op 21 November was die span vergesel deur Michael en Lynne Stone van Hoedspruit. Hulle het die dames ingelig oor die samestelling van goeie grond en die gebruik van houtskool in jou tuin. 'n Paar feite is gedeel oor goeie grond en Lynne vertel grond bestaan uit organiese materiaal, wat net dooie plant en dierweefsel is wat die grond as humus ontbind en verryk. Humus verbeter die grond se tekstuur deur van die kleiner deeltjies saam te bind, wat die grond se vermoë om vog te absorbeer en te dreineer verbeter. Vir gesonde grond is swamdrade noodsaaklik weens dit die vervoermiddel van nutriënte na die die plante is. Michael, 'n toerleids by Stones Safaris in Hoedspruit, se groot passie is om moeder aarde se grond te help gesond maak en het hom toegespits op die gebruik van houtskool tot voordeel van landbou. Michael het vuur gemaak en aan hulle verduidelik dat sodra die hout teen 'n baie hoë hitte verbrand word, dit reg is vir kosmaak. Die hout word dan natgegooi om die vlamme uit te doof sodat voedingryke houtskool beskikbaar is. Dit is belangrik dat die as nie gebruik moet word nie omdat dit alkalies is en plante nie daar sal groei nie. Dit kan wel aangewend word in suurgrond gedeeltes, in klein hoeveelhede. Houtskool bevat koolstof en daarom kan dit jaarliks in jou tuin ingewerk word. Wanneer jy die vlamme moet uitdoof kan jy urine as plaasvervanger gebruik om water te bespaar. Urine bevat stikstof en houtskool absorbeer dit. Hy vertel dat dit ideaal is om 'n "long drop" met houtskool te vul en na 'n maand toe te gooi en te verskuif. Só kan die grond herstel en plante kan onderhou word. In Masobe word houtskool met urine gemeng, in 'n houer laat staan vir 'n maand en as vrugbare potgrond in groentetuine gebruik. Die dames is voorgestel aan Nu-till, 'n algemene landbou bewerking in Afrika. Die vork word 45cm diep in die grond gedruk en gewieg om slegs die grond los te maak en lug in te laat. Beide Michael en Lynne het 'n passie om grond te help en elke Huis-enTuinbouklub het 'n bietjie van hierdie passie huis toe geneem om toe te pas in hul eie tuine. Namens Heilbron Huis-en Tuinbouklub word Jerry Fox en Antoni Muller bedank vir hul bydrae om die Stone-egpaar in Heilbron te ontvang.

NOT ON OUR WATCH!

A group of women from Phiritona came together in September and started a movement they are calling "Not on our Watch". These ladies set out to buy and donate sanitary products to young women from disadvantaged and struggling families. They are in the process to register as an NPO, which will enable them to reach even more young girls. At this stage, Eunice Leemisa, Portia Motloung, Pulae Khanye and Lettia Leotlela are buying the products with their own personal funds. Some donations have been collected through their social page on Facebook, but they want to make much a larger contribution in their community. For the upcoming 20 days of activism against women and children, they are identifying 10 homes per ward to donate sanitary towels and stationery – your help and donations can make a huge difference for this worthy cause! Please contact them on 078 977 3250 or 081 459 8210 or you can go visit their Facebook page: notonourwatch to show your support for these outstanding ladies!



From left to right : Portia, Lettia, Pulae and Eunice

CANVAS SPECIAL

Heilbron Herald

A4 CANVAS
R115 EXCL. VAT

SPECIAL VALID UNTIL END OF NOVEMBER

heilbrongraphics@heilbron.co.za
058 832 3033

BOEREWORS ROLLS
R25

LATE-NIT
VIDEO'S

KERKSTRA 436
HEILBRON

31 OKTOBER 2020
Get Huge Specials Inside

HUT'S RENTING
JAM'S
DRAI FASHION SWEETS

0728077790
0768683837

LIVE MUSIC
WITH
LEONARDO

THANK YOU ARTIST PLEASE
WE NEED YOUR SUPPORT

HERALD

RJ SE NUWE SPEELGOED HELP

Om een en veertig punte te speel beteken dat jy vyf houe beter as jou voorgespeel het. RJ Muller het sy pa se gholfstokke gekry omrede hy self nie daarmee reggekome het nie. Dié stokke pas RJ soos 'n handskoen as ons na hierdie omwenteling kyk. Hy wen die OK en Total Fuels dag met 41 punte.

RSA Seed and Grain hou môre hulle borgdag met baie verrassings volgens die borg. Die baan kry swaar onder die hittegolf, maar die kans vir reën laat Saterdagmiddag lyk goed en is spel ook somer vervroeg na 10:00. Die koste beloop R250 en sluit halfweg en skaapbraai na afloop van die spel

in. Die dubbel putjiespel is nog onveranderd met Jackie en Wiam

wat voorloop, maar dit lyk of die marge besig is om te krimp.



So lyk die wenners van OK en Total Fuels dag vl: Hennie Pretorius (41), RJ Muller (41) en Pieter van Staden (38). Stephan Visser van OK het die pryse namens die borg oorhandig.

BESIGHEIDSLIGA STAAN EINDE SE KANT TOE

Na 3 weke se groot lekkerte en pret is ons besig met die voorbereidings vir die laaste rondte van die besigheidsliga en hierdie laaste aand op 3 November gaan iets baie spesiaal wees.

Die ondersteuning wat die rolbalkklub gekry het van ons besighede is absoluut astronomies. Dinsdagaand beloof om iets vanuit 'n ander wêreld te wees wanneer Vaatjie van Tops en Tjops-faam met sy span hier arriveer.

As jy wil sien hoe lyk 'n prima steak en hoe word dit gebraai dan moet jy baie vinnig jou bestelling plaas by Hannalie Claassen voor 30 Oktober by 079 040 0531.

Buiten 'n heerlike steak-ete kan jy ook 'n spoggerige Weber wen deur slegs 'n kaartjie te koop en 'n bal te rol. Kom "try" "jou" "luck", hierdie is makliker as om die die lotto te wen.

Dankie aan John Watson vir hierdie besondere borgskap.

Dinsdagaand gaan die poppe of dan die balle weer dans op die baan, nee, die Koeke-span het onttrek. Met die trekking van wenners teen wenners gaan dit 'n geveg wees tussen die span van Pluimbal en die span van Achaar en dan is die manne met die stokke ook weer aan't vegte teen die manne met die trokke. Die manne met die trokke sê hierdie keer ry hulle in "overdrive".

So tussen die besigheidsliga

deur het Gerald Rademeyer, Petro Habig en Carina Kleynhans ook die naweek op Kroonstad gaan deelneem aan Valsrivier Sub-distrik se gemengde pare kompetisie.

Alhoewel die hitte uitmergelend was, het Heilbron se spelers goeie rolbal gespeel met Gerald en Petro wat as naaswenners eindig en Carina saam met Johan Hoffman van Koppies derde.

Nou wag ons vir Vaatjie en sy span:

Dinsdag is die laaste aand van ons besigheidsliga vir hierdie rondte.

Punte na die derde wedstryd:
Pluimbal 6 (+40), Achaar 5 (+64),

Gholf 4 (+80), L & T 4 (+70), Kopanang 4 (+20), Telwiedre 4 (-32), JCB 2 (+14), 4 Half 3 (-20), Nip & Tuck 2 (-32), Herald 1 (-60), Cornelius & Vennote 0 (-42), Bayer 0 (-102). Dinsdag 3 November speel wenners teen wenners.





F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES
&
CLUTCHES



HYDRAULIC
HOSE
ASSEMBLIES



Willem	072 647 1074	Parts	072 684 3861
Ruan	072 176 4206	Landline	058 813 1206
Thinus	079 544 8096	Email	ftcfrankfort@gmail.com

SPORT

WINKELURE

Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30 • Saterdag: 09:00 - 13:00
Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

FUNKSIONELE TERAPEUT
PASTORALE BERADER
TRAUMA, VERLEES, GEMINSHEEDING

KINDER-SEKULIER TERAPEUT
TRAUMA, VERLEES, GELIEKHOEDPROBLEME

REMEDIERING
GRAAD R: GEREGEREERDE
SKOOLGEREEDHEIDSTOETS

|| 058 852 3033 | 058 852 3033

BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 3 NOVEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 4 NOVEMBER 2020

ARLINGTON: BRIAN ANGUS
(WOODVIEW) ALGEMENE UITVERKOPING
Merino skape & plaasimplemente
& -toerusting
11:00, Woodview, Arlington
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

DONDERDAG - 5 NOVEMBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VRYDAG - 6 NOVEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB
LOUID

www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD 2005/026173/01
Posbus 220, Frankfort, 9830